

Wat is in jou spons?

Daar is vyf sponse wat op die kombuis tafel lê. Elke lid van jou huisgesin het 'n verskillende deel van die huis skoongemaak en al die sponse lyk presies dieselfde. Jy is nuuskierig om uit te vind wat was alles in jou huis skoongemaak, maar jy kan niks wys word deur na die sponse te kyk nie.... hulle lyk almal dieselfde..... so wat doen jy?

Jy druk elke spons om te sien wat uitkom. Soos jy die eerste spons druk sien jy daar kom coke uit en besluit iemand het die kombuis tafel afgevee waar die kinders die coke gemors het toe hulle vir hul ingegooi het.

Soos jy die twee spons druk kom daar teël reiniger uit – die een was gebruik om die badkamer skoon te maak.

Die derde een, kom daar motor olie uit – manlief het weer die motorhuis skoongemaak!

In die vierde een pof daar babapoeier uit die oomblik wat jy druk aan die spons – yip, die babakamer is met die een skoongemaak.

En die laaste een, vloer politoer – die een was gebruik op die teëlvloer in die gang.

Wanneer jy die laaste spons neersit kyk jy weer hoe eenders hulle lyk en besef dat die eendersheid stop sodra jy hulle druk.

Gelowige is baie keer dieselfde soos die sponse, hulle lyk en praat almal dieselfde totdat die lewe hul begin te druk, dan kom daar 'n klomp verskillende goed uit soos – woede van die een, 'n behoefte aan wraak van die ander, tranes van die een, jammerte van 'n ander – asook hebsug, valsheid, sluheid – en laastens van een opregte vloei voort die liefde vir Jesus, die Gesalfde.

Net soos die sponse, kan slegs uitgedruk word wat ingesit is – daar kan nie olie uitkom as Handy Andy daarmee opgevee is nie.

Bly in die Woord van God daagliks sodat wanneer die lewe begin druk, Jesus en slegs Hy alleen vanuit jou skyn.

(Mat 7:16) Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie duiwe van dorings of vye van distels nie!

(Mat 7:17) So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte